Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# INTERMEDIÊRE FASE

# GRAAD 6

# NOVEMBER 2014

# SOSIALE WETENSKAPPE (AARDRYKSKUNDE)

**PUNTE:** **40**

**TYD:** **1 uur**

**Leerders moet 'n 30 minute breuk tussen vraestelle kry.**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES

1. AL die vrae moet beantwoord word.
2. Lees en bestudeer alle meegaande bronne in die vraestel sorgvuldig deur.
3. Nommer alle vrae presies net soos dit op die vraestel verskyn.
4. Moenie die vrae se antwoorde deurmekaar skryf nie.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

### VRAAG 1

Bestudeer die kaart (Sien BYLAAG A) en beantwoord die vrae wat volg.


1.1 Gee die breedtegraad en lengtegraad van die volgende stede:

1.1.1 Hong Kong (1)

1.1.2 Hamburg (1)

1.1.3 San Francisco (1)

1.2 Hoe om afstand op kaarte te meet:




Kyk na die bostaande kaart en beantwoord die vrae wat volg.

1.2.1 Wat is die afstand op die kaart tussen Windhoek en Beira? (1)

1.2.2 Wat is die werklike afstand (afstand op die grond) tussen Windhoek en Beira? Wys al jou berekeninge. (3)

1.3 Kies die korrekte letter (A–C) om die stelling te voltooi.

1.3.1 Die langste rivier te wêreld is die ...

A Nylrivier.
B Amasone-rivier.
C Oranje-rivier. (1)

1.3.2 Die kleinste oseaan is die...


A Atlantiese oseaan.
B Stille oseaan.
C Indiese oseaan. (1)

1.3.3 Watter van die drie stede is die grootste?

A Sjanghai, Sjina – 13,9 miljoen mense
B Karatsji, Pakistan – 13 miljoen mense
C Moembaai, Indië – 13,8 miljoen mense (1)

**[10]**

## BYLAAG A




Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 ONTBOSSING





2.1.1 Hoekom kap mense bome in Gaboen af? (1)

2.1.2 Noem TWEE ander aksies wat mense doen wat ontbossing veroorsaak. (2 x 1) (2)

2.1.3 Skryf TWEE gevolge van ontbossing neer. (2 x 1) (2)

2.2 Kyk na die reënval- en temperatuurgrafiek van Manaus.




2.2.1 Hoeveel reën kry Manaus vir die jaar? (1)

2.2.2 Dui Manaus se klimaat op ŉ warm woestyn, ŉ naaldwoud of ŉ tropiese reënwoud? Hoekom sê jy so? (2)

2.2.3 Watter maand het die hoogste reënval? (1)


2.2.4 Watter maand het die laagste reënval? (1)

**[10]**

## AFDELING C


## VRAAG 3

3.1 Gebruik die woorde om die onderstaande sinne te voltooi:




| | | |
|---|---|---|
| 3.1.1 | … sê jou waar mense bly. | (1) |
| 3.1.2 | … dui aan hoeveel mense daar in ’n sekere area is. | (1) |
| 3.1.3 | ’n Bevolking … is die tel van al die mense in ’n land. | (1) |
| 3.1.4 | Die ... is die aantal mense wat in ’n area woon. | (1) |
| 3.1.5 | Gebiede of dorpe waar die meeste mense in fabrieke en kantore werk. | (1) |

3.2 **Gebruik hierdie prent van 'n eiland om die onderstaande vrae te beantwoord**




Groen Eiland het vier distrikte: **A**, **B**, **C** en **D**.

3.2.1 Wat toon 'n enkele kol op die kaart aan? (1)

3.2.2 Hoeveel mense woon in distrik **C**? (1)

3.2.3 Watter distrik het die hoogste bevolkingsdigtheid? (1)

3.2.4 Watter distrik het die mees eweredige bevolkingsverspreiding? (1)


3.2.5 Verskaf redes hoekom mense eerder in distrik **B** as in distrik **D** woon. (3)

3.2.6 Gee TWEE natuurlike kenmerke wat die Ou Dorp se posisie op die eiland verduidelik. (2)

3.2.7 Hoekom dink jy, het die Nuwe Dorp ontwikkel? (1)

Kopiereg voorbehou

3.3 Waarom mense woon waar hulle woon?



Kyk na die bostaande prente en skryf ʼn paragraaf waarom mense van landelike gebiede na stedelike gebiede beweeg. (5)

**[20]**

**TOTAAL: 40**